


DONKERLIG

DARKLIGHT

## OM VERLIEF TE WEES

Voor jy gaan slaap, wil jy my nie wakker maak nie.
Ek sweer ek sal probeer om jou nie te veel te pla nie.
As jy wil he, sal ek net styf langs jou le.
En as jy sou wou, kan ons buite sit en 'n ster vernoem na jou.

Onthou my hart is net joune, moenie dit weggooi nie.
Want ek vertrou jou met my hart; dis net joune, moenie dit verwaarloos nie.
En selfs al sou jy, bly ek op jou verlief.

Voor jy verdwyn eet eers brekvis saam met my.
In my grys kombuis, al wat kleur het is ek en jy.
As jy wil he, maak ek melk-koffie nes jy se.
En as jy sou wou, jou gunsteling milkshake: bubblegum-blou.

Onthou my hart is net joune, moenie dit weggooi nie.
Want ek vertrou jou met my hart; dis net joune, moenie dit verwaarloos nie.
En selfs al sou jy, bly ek op jou verlief, verlief, verlief.

Om verlief te wees, dis al waarvoor ons leef.
Om verlief te wees, dis al wat ek begeer.

As jy wil he sal ek vir altyd langs jou le.
En as jy sou wou kan ons die hele hemelruim vernoem na jou.

Kontak ons op **Facebook** of e-mail **jacblancband@gmail.com** of besoek **www.jacblanc.co.za** Kontak Darryl de Lange: **darryl@musicology.co.za**